

OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE – UITGAWE 4

BESTEE JY TE VEEL EN SPAAR TE MIN?

Volgens die 2016-Old Mutual Savings and Investment Monitor spaar omtrent die helfte van Suid-Afrikaanse huishoudings minder as wat hulle 'n jaar gelede gedoen het!

Spaar jy genoeg? Die meeste van ons sal dit nie besef voordat dit te laat is nie ... Dit is tyd vir 'n deeglike finansiële ondersoek.

Ongeag hoe jonk jy is, hoe jonk jy voel of hoe ver weg jy dink jou aftrede is, 'n moet-doen vir 2017 is om uit te vind of jy op dreef is om gemaklik af te tree en – om dit botweg te stel – dit nie langer uit te stel om vir jou aftrede te begin spaar nie. Vergroot of verleng jou bydrae vir jou aftreespaarplan en beplan vir jou aftrede.

Ons het verlede jaar gepraat oor die goue reëls om vir jou aftrede te spaar. In 'n neutedop: Dit is nodig om soveel te spaar as wat jy kan vir so lank as wat jy kan. Om die waarheid te sê, as jy slegs aan 'n aftreefonds behoort, is jou finansiële toekomst nie verseker nie. Jy moet seker maak dat jy soveel moontlik gebruik maak van die voordele wat Old Mutual SuperFund jou bied.



WAT KAN JY AS 'N LID VAN OLD MUTUAL SUPERFUND DOEN OM JOU SPAARGELD TE VERMEERDER?

- **Vermeerder jou spaargeld deur vrywillig addisionele bydraes te maak tot die Old Mutual SuperFund** - kontak gewoon jou Menslike Hulpbronne-afdeling om meer te wete te kom.
- **Spaar so lank as moontlik**, en dink deeglik na voordat jy te vroeg aftree..
- **Weerhou jou daarvan om jou aftreespaargeld in kontant te neem wanneer jy van werk verander.** Laat liefs jou spaargeld in Old Mutual SuperFund Preserver, dra dit oor na 'n bewaringsfonds of na 'n ander goedgekeurde fonds.

HOU IN GEDAGTE, OM JOU AFTREESPAARGELD IN KONTANT TE NEEM, HOU VERREIKENDE GEVOLGE IN.

Tussen 2012 en 2016 – volgens die 2017-**Old Mutual Corporate Retirement Monitor** – het die aantal werkende Suid-Afrikaners wat na alle waarskynlikheid hulle aftreespaargeld in kontant sal neem indien hulle die geleentheid kry van 19% tot 35% verhoog. Studies dui daarop dat dit een van die **waarde vernietigendste handelinge** is wanneer langtermynbesparings ter sprake kom omdat dit die uitwerking van saamgestelde rente verminder.



KIES ALTYD OM TE BEWAAR

Dit is nogal baie moeilik om die regte besluite te neem as jy voor jou aftrede bedank, afgedank of ontslaan word. Daar is verskeie moontlikhede om die aftreespaargeld uit jou aftreefonds te gebruik. Jy moet jou bes doen om jou aftreespaargeld weer te belê.

TWEE BASIESE KEUSES

OORPLASING NA 'N GOEDGEKEURDE AFTREEFONDS

Jy kan jou aftreevoordele herbelê deur die hele aftreevoordeel **belastingvry** oor te dra na 'n ander goedgekeurde aftreefonds soos:

1. 'n Bewaringsfonds
2. 'n Aftree-annuïteitsfonds
3. Jou nuwe werkgewer se fonds

OF

ENKELBEDRAG IN KONTANT

Jy kan kies om jou hele onttrekkingsvoordeel in kontant te ontvang as 'n **belasbare** enkelbedrag. Jy moet mooi dink voordat jy dié keuse maak, want jy loop gevaar om 'n gemaklike aftrede te verbeur. Die redes hiervoor is dat jou hele voordeel belasbaar is en dat jy dalk in die versoeking kan kom om dit wat na belasting oorbly eerder uit te gee as om dit vir aftrede te herbelê. As jy hierdie keuse maak, sal dit raadsaam wees om jou voordeel te herbelê ten einde jou aftreekapitaal ongeskonde te hou.

GOEIE NUUS!

As 'n lid van Old Mutual se SuperFund-aftreefonds, het jy toegang tot Old Mutual SuperFund Preserver. Hierdie bewaringsfonds is 'n maklike en moeitevrye manier om te herbelê wanneer jy van werk verander, bedank, afgelê of afgedank word. Sodra jy 'n lid van Old Mutual SuperFund Preserver is, bly jou aftreespaargeld onaangeraak en kan jy steeds al die voordele geniet wat Old Mutual SuperFund Preserver bied.

Vir meer inligting, klik hier.

JY IS IN BEHEER

Jou werkgewer en die Fonds sal hulle bes doen om jou by te staan om 'n gemaklike aftrede te bewerkstellig, maar jy is in beheer. Gebruik die middele tot jou beskikking, win die noodsaaklike finansiële raad van 'n geakkrediteerde finansiële raadgewer in en neem die nodige stappe om 'n kommervrye aftrede te beveilig.

In ons volgende paar uitgawes sal ons jou stof tot nadenke gee wat jou in staat sal stel om die nodige besluite te neem sodat jy seker kan maak jou swaar verdiende aftreespaargeld word goed bestuur. Wees op die uitkyk hiervoor...



Kontak jou geakkrediteerde finansiële raadgewer. Jy kan ook ons hulplyn by 0860 38 88 73 skakel om die kontakbesonderhede te kry vir finansiële raadgewers wat jy kan skakel.

DOEN DIE ONGELOOFLIKE



OLDMUTUAL